



WYN- EN SPIRITUSRAAD VAN SUID AFRIKA

Skema vir Geïntegreerde Produksie van Wyn

Geïntegreerde Produksie van Wyn: Handleiding vir Kelders en Botteleringsfasiliteite

Uitgawe 12 : Oktober 2022

Opgestel deur *LNR Infruitec-Nietvoorbij* en *Enviroscientific*
In samewerking met die Wingerd- en Wynbedryf

Handleiding vir die invul van die IPW selfevaluasievorm vir Kelders en/of Botteleringsfasiliteite

Om vir IPW te kwalifiseer moet 'n selfevaluasievorm (Bylae 4) jaarliks **voor 31 Mei** deur die betrokke kelder / botteleringsfasiliteit elektronies voltooi en ingehandig word via die IPW webtuiste www.ipw.co.za. Hierdie handleiding moet saam met die IPW Riglyne vir Kelders en Botteleringsfasiliteite, 12^{de} Uitgawe (Oktober 2022) gebruik word as verwysing tydens voltooiing van die IPW aanlyn self-evaluasievorm. Beide dokumente (IPW Riglyn en IPW Handleiding) is beskikbaar op die IPW webtuiste.

- a. Veranderinge (bv. kodering van nuwe geregistreerde chemikalieë of wetgewing) sal op die IPW webwerf by www.ipw.co.za beskikbaar gestel word en kelders sal ook daarvan in kennis gestel word.
- b. Kelders moet die IPW evaluasievorms soos volg hanteer afhangende van die toepaslike situasie:

Kelder met eie plaas: Al die evaluasievorms (Bylaes 1 en 2 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c), vir die Kelder se eie plaas asook vir enige ander plaas waarvan druiwe aangekoop word **asook** Bylae 4 vir die Kelder moet elektronies voltooi en teen 31 Mei elke jaar en via die IPW webtuiste ingehandig wees.

Produsente kelder: Die evaluasievorms (Bylaes 1 en 2 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c) van al die plase waarvan druiwe aangekoop word, moet elektronies voltooi en voor 31 Mei elke jaar via die IPW webtuiste ingehandig wees **asook** Bylae 4 vir die Kelder moet voltooi en teen 31 Mei elke jaar op die IPW webtuiste ingehandig wees.

Botteleringsaanleg: Bylae 4 vir die Botteleringsaanleg moet elektronies voltooi en teen 31 Mei elke jaar via die IPW webtuiste ingehandig wees.

- c. Let wel dat kelderbestuurders seker moet maak dat produsente wat druiwe aan hul lewer by IPW geregistreer is, en dat die plaas se IPW self-evaluasie voltooi is alvorens druiwe by hulle ingeneem word.
- d. Om as kelder of botteleringsfasiliteit vir IPW te kwalifiseer, moet 'n punt van ten minste **65%** behaal word.

Invul van Bylae 4: IPW evaluasievorm vir 'n Kelder en/of Botteleringsfasiliteit

Die kelderbestuurder is alleenlik verantwoordelik vir voltooiing **en inhandiging** van die selfevaluasie en punttoekenning in Bylae 4. Dit is dus belangrik dat die self-evaluasievorm eerlik ingevul moet word in terme van die IPW Riglyne sodat die punttoekenning aan 'n belangstellende joernalis of wynkoper verduidelik sal kan word.

- Waar daar na "kelders" verwys word in die teks, is dit ook van toepassing op botteleringsfasiliteite.
- Kelders wat wynmaak en botteleer of "disgorgement" doen op eie perseel met eie of mobiele toerusting, moet alle items gemerk **A** voltooi.
- Kelders wat slegs bulkwyn maak en dit ongebotteleer verkoop, vul slegs items gemerk **B** in.
- Kelders wat van 'n buitemaatskappy gebruik maak vir "disgorgement" en/of botteling van hul produkte moet Riglyn 13 in samewerking met die diensverskaffer invul. Die betrokke diensverskaffers moet IPW-gesertifiseer wees.
- Kelders wat 'n mobiele "disgorgement" fasiliteit en/of botteleerder gebruik, moet Riglyn 14 in samewerking met die diensverskaffer invul.
- Riglyn 14 is nie van toepassing op kelders wat hul wyne slegs by buite instansies laat bottel nie.
- Botteleerders vul slegs die items gemerk **C** in.
- **Verwys na die voorbeeld (Bondal Kelder) op bladsy 10.**

Puntetoekenning:

Die werking van die puntestelsel laat nie toe dat 'n punt van 1 of 4 toegeken kan word op die selfevaluasievorm (Bylae 4) nie – alleenlik 0, 2, 3 of 5 punte kan toegeken word afhangend tot watter mate daar aan die IPW Riglyne vir Kelders en Botteleringsfasiliteite, 12^{de} Uitgawe (November 2022) voldoen word (behalwe in unieke gevalle waar die ouditeur sy/haar eie diskresie kan gebruik).

Hoe punte toegeken behoort te word tydens die self-evaluasie proses word hieronder in die handleiding beskryf. Die toegekende punte word ingevul op die ooreenstemmende riglyn en na die regterkantste kolom oorgedra, en waar van toepassing by sommige riglyne word die punt vermenigvuldig met 2. Verwys na die ingevulde fiktiewe voorbeeld, Bondal Kelder in Bylae 4. Na voltooiing word die punte in die regterkantste kolom opgetel om die finale punt te bereken. Om as kelder of botteleringsfasiliteit vir IPW te kwalifiseer, moet 'n punt van ten minste **65%** behaal word.

Die toegekende punte moet met die nodige dokumentasie gestaaf kan word aan 'n onafhanklike persoon sodat die kredietwaardigheid van die stelsel nie bevraagteken kan word nie. Elke punt wat gegee word, verteenwoordig die gemiddelde situasie oor die afgelope seisoen wat in die betrokke kelder van toepassing is.

Riglyn 1: “IPW Opleiding”

Daar is geen beperking op die aantal persone per kelder wat 'n IPW sertifikaat mag verwerf nie, maar dit is uiters belangrik dat die persoon of een van die persone wat in direkte beheer van besluitneming ten opsigte van kelderpraktyke is, 'n IPW sertifikaat moet verwerf. Dit help nie dat net die administratiewe beampte IPW opleiding ontvang het nie. 'n IPW opleidingssertifikaat word uitgereik aan alle persone wat in 'n gegewe jaar 'n kursus bywoon. 'n Afskrif van die nuutste bywoningssertifikate moet op rekord gehou word en moet aan die ouditeur gewys kan word as bewys daarvan dat 'n kursus wel bygewoon is en sodat die nodige punte toegeken kan word soos hieronder aangedui.

Eksterne konsultante kan help met die bestuur van IPW deur middel van dokumentbeheer en rekordhouding. Tensy bevestig kan word dat die konsultant in 'n deurlopende besluitnemingsposisie in die kelder aangestel is en toepaslik opgelei is, mag die konsultant egter nie die kelder verteenwoordig of IPW-derde party-oudits namens die kelder fasiliteer nie.

- *Vir die verwerwing van 'n IPW opleidingssertifikaat deur 'n persoon in 'n bestuurs- of besluitnemingposisie in die kelder gedurende die laaste 3 jaar, word 5 punte toegeken.*
- *Indien iemand in 'n bestuursposisie in die kelder wel in besit is van 'n opleidingssertifikaat gedateer 4 jaar gelede, word 3 punte toegeken.*
- *Indien iemand in 'n bestuursposisie in die kelder wel in besit is van 'n opleidingssertifikaat gedateer 5 jaar gelede, word 2 punte toegeken.*
- *Indien niemand in 'n bestuursposisie in die kelder 'n sertifikaat het nie of die sertifikaat ouer as 5 jaar is, word 0 punte toegeken.*
- *Indien slegs iemand in 'n administratiewe hoedanigheid 'n IPW sertifikaat het, word ook 0 punte toegeken.*

Riglyn 2: “Bestuur van kelderperseel”

Die volgende dokumentasie moet beskikbaar wees:

- Kaart (of Google beeld) van die eiendom wat ten minste die volgende aandui: keldergeboue, inkomende waterlyne, waterbronne, afvalwaterlyne en behandelingsstelsel, afvalwater opgaardam(me) (indien van toepassing), area waar afvalwater besproei word (indien van toepassing) of weggedoen word (bv. Munisipale rioolstelsel) en relevante rioolstelsels(s) (bv. septiese tenke en syferrioelstelsels, aansluiting by Munisipale riool, komposhoop, ens.).
- RoD / “environmental authorisation” soos uitgereik deur die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewingsake vir oprigting en/of vergroting van die kelder (indien van toepassing); goedgekeurde bouplanne of Okkupasiesertifikaat uitgereik deur die plaaslike munisipaliteit.
- Rekords moet beskikbaar wees ter bevestiging van die sonering van die kelder (Soneringsertifikaat).
- R.638 Geskiktheidssertifikaat vir 'n Voedselperseel (Regulasie 638)
- Registrasiedokumente van die water wat in die kelder gebruik word, of Munisipale rekening vir water.
- 'n Onlangse drinkwaterontleding SANS 241-1: 2015 (binne twaalf maande voor die audit) van die water wat in die kelder gebruik word.
- Inligting rakende rioolstorting.

- Indien al die toepaslike inligting verskaf kan word, word 5 punte toegeken.
- Indien sommige van die inligting verskaf kan word, word 2 tot 3 punte toegeken.
- Indien geen van die toepaslike inligting verskaf kan word nie, word 0 punte toegeken.

Riglyn 3: “Kwaliteit en temperatuur van inkomende duiwe” (nie van toepassing op bottelingsfasiliteite nie)

Die volgende rekords moet gehou word deur kelderpersoneel van elke vrag duiwe wat by die kelder ingeneem word. Sonder hierdie rekords kan 5 punte nie toegeken word nie. Evaluasie word gedoen volgens die algemene toestand vir al die vragte wat oor die parasseisoen gelewer is.

- Datum, massa, oorsprong van duiwe, kultivar.
 - Vrot persentasie (gemiddelde vrot persentasie oor hele seisoen moet ook bereken word en gestaaf kan word met nodige inligting)
 - Temperatuur van elke inkomende vrag **voor verkoeling** (gemiddelde temperatuur oor hele seisoen moet ook bereken word en gestaaf kan word met nodige inligting). Hierdie gee 'n aanduiding van hoeveelheid energie wat benodig word om duiwe af te koel. Die doelwit is om duiwe so koel moontlik en so gou moontlik na pluk by die kelder in te lewer en om te verhoed dat sap begin gis of oksideer.
 - Rekords/sertifikate van verskaffers om te bevestig dat die bakke van die sleepwaens of vragmotors (waarin duiwe vervoer word) met inerte voedselgraad materiaal bedek is, moet ook getoon word.
- Indien totale inname van duiwe oor die seisoen minder as 5% vrot duiwe bevat het EN indien bakke van sleepwaens of vragmotors bestaan uit of bedek is met inerte voedselgraad materiaal en die duiwe is redelik koel (onder 25°C), word 5 punte toegeken.
 - Indien totale inname van duiwe oor die seisoen minder as 5% vrot duiwe bevat het EN indien bakke van sleepwaens of vragmotors bestaan uit of bedek is met inerte voedselgraad materiaal EN die temperatuur van die duiwe is laag gehou (bv. baie vroeg pars, nagpars of verkoeling) EN duiwe is in kleiner houters vervoer sodat nie te veel sap onder-in versamel nie en daar kan bewys word dat maatreëls getref is om gisting/oksidasie van sap te keer, kan 5 punte ook toegeken word.
 - Indien totale inname van duiwe oor die seisoen tussen 5% en 10% vrot duiwe bevat het EN/OF indien bakke van sleepwaens of vragmotors bestaan uit of bedek is met inerte voedselgraad materiaal EN die temperatuur van die duiwe is nie te hoog nie en daar kan bewys word dat maatreëls getref is om gisting/oksidasie van sap te vertraag, word 3 punte toegeken.
 - Indien totale inname van duiwe oor die seisoen tussen 10% en 20% vrot duiwe bevat het EN/OF indien bakke van sleepwaens of vragmotors bestaan uit of bedek is met inerte voedselgraad materiaal EN die temperatuur van die duiwe is nie te hoog nie en daar kan bewys word dat maatreëls getref is om gisting/oksidasie van sap te vertraag word 2 punte toegeken.
 - Indien totale inname van duiwe oor die seisoen meer as 20% vrot duiwe bevat het EN/OF Indien bakke van sleepwaens of vragmotors nie bestaan uit of bedek is met inerte voedselgraad materiaal nie EN/OF indien duiwe oor lang afstande vervoer is en geen maatreëls is getref om duiwe koel te hou of om oksidasie/gisting van sap te vertraag nie, word 0 punte toegeken.

Selfs indien daar geen vrot duiwe (m.a.w. 0%) in die kelder ingeneem word (na bv. sortering of seleksie in die wingerd), moet daar steeds 'n rekord beskikbaar wees van “0 % vrot duiwe” aandui. Indien duiwe verkoel word by die kelder voor verwerking, moet die temperatuur wat by hierdie riglyn van toepassing is, geneem word voor verkoeling.

Riglyn 4: “Energieverbruik en koolstofdioksied ekwivalente vrystelling”

4.1 Energieverbruik

Die doel is om deurlopende verlaging in energieverbruik en gevolglik verlaging in CO₂-ekwivalente vrystelling te bewerkstellig. Indien dit verkies word om rekord te hou van die hele plaas (insluitende die kelder) se energieverbruik, is dit toelaatbaar, solank dit jaarliks op dieselfde wyse gedoen word. Maandelikse verbruik van koolstofgebaseerde brandstowwe en alle ander energiebronne moet in tabelvorm aangedui word in die korrekte toepaslike eenhede en nie in Rand waarde nie (sien IPW Riglyne) vir die voorafgaande twee jaar (kalender jaar of finansiële jaar volgens kelder se voorkeur).

- Indien voldoende maandelikse rekords beskikbaar is vir die gebruik van elektrisiteit, diesel, petrol, gas en ander brandstowwe wat op kelderpraktyke van toepassing is vir ten minste twee jaar voor die oudit, word 5 punte toegeken.
- Indien rekords vir die gebruik van elektrisiteit, diesel, petrol, gas en ander brandstowwe for kelderaktiwiteite konstante verbetering toon, word 5 punte toegeken.
- Indien die kelder slegs beperkte rekords van gebruik van elektrisiteit, diesel, petrol, gas en ander brandstowwe hou wat op kelderpraktyke van toepassing is, word 2 of 3 punte toegeken.
- Indien die kelder geen rekords van gebruik van elektrisiteit, diesel, petrol, gas en ander brandstowwe beskikbaar het wat op kelderpraktyke van toepassing is nie, word geen punte toegeken nie.

4.2 Koolstofvoetspoorberekening

Kelders en bottelingsfasiliteite moet hulle koostofvoetspoor bereken deur middel van die Internasionaal erkende “Confronting Climate Change” (CCC) protokol en “calculator” wat beskikbaar is op die webwerf www.climatefruitandwine.co.za.

Punte word as volg toegeken:

- As die CCC berekening voltooi word met 'n A, B of B1-gradering EN 'n koolstofbestuursplan beskikbaar is, word 5 punte toegeken.
- As die CCC berekening voltooi word met 'n C-gradering EN 'n koolstofbestuurplan is beskikbaar, word 3 punte toegeken.
- As die CCC berekening voltooi word met 'n A, B of B1-gradering en 'n koolstofbestuursplan is nie beskikbaar nie, word 3 punte toegeken.
- As die CCC berekening voltooi word met 'n C-gradering en 'n koolstofbestuursplan is nie beskikbaar nie, word 2 punte toegeken.
- As die berekening nie gedoen is nie, word 0 punte toegeken.

Die ouditeur kan addisionele (bonus) punte toeken vir 'n A-gradering en indien berekeninge vir twee of meer opeenvolgende jare beskikbaar is.

Riglyn 5, “Gebruik en onderhoud van Infrastruktuur en Toerusting”

Dit sluit alle keldertoerusting en apparaat in, m.a.w. ook sementtenks. Gladde oppervlakke soos vlekvrystaal is makliker om skoon te hou aangesien die soortlike oppervlakte daarvan kleiner is en minder water asook skoonmaak en reinigingsmiddels word benodig in vergelyking met oppervlaktes van meer growwer tekstuur, soos plastiek, epoksie en veselglas.

- Indien die kelder aan ALLE vereistes onder Riglyn 5 voldoen EN alle toerusting en apparaat van inerte materiaal is of ten minste elke 5 jaar daarmee afgewerk is of van vlekvrystaal gemaak is, word 5 punte toegeken.
- Indien die kelder aan ALLE vereistes onder Riglyn 5 voldoen EN meer as 50% van wyn kom in aanraking met toerusting en apparaat wat met inerte materiale bedek is (ten minste elke 5 jaar) of bestaan uit vlekvrystaal, word 3 punte toegeken.
- Indien die kelder aan ALLE vereistes onder Riglyn 5 voldoen EN minder as 50% van die wyn kom in aanraking met toerusting wat van inerte materiaal gemaak of daarmee bedek is (ten minste elke 5 jaar), word 2 punte toegeken.
- Indien die kelder aan ALLE vereistes onder Riglyn 5 voldoen EN meer as 50% van wyn kom in aanraking met toerusting en apparaat wat van veselglas gemaak is, word 2 punte toegeken.
- Indien meer as 50% van wyn in aanraking kom met materiale soos brons, koper, lood of onbehandelde sement, word 0 punte toegeken.

Riglyn 6: “SO₂-vlakke” (nie van toepassing indien slegs bulkwyne gemaak word nie of geen bottelering plaasvind onder die kelder se SAWIS nommer nie)

Dit het betrekking op die Totale SO₂-vlakke van die finale verpakte of gebottelende produk i.t.v. voedselveiligheid. Gebruik Bylae 5A om die verskillende wyntipes wat deur die kelder produseer word te evalueer. Die punt wat toegeken word vir die riglyn is gegrond op die geweegde gemiddelde evaluasie van die totale SO₂-vlakke van elke wyntipe in terme van Bylae 5A, wat finaal goedgekeur of

gebottleer is in die 12 maande periode wat evaluasie (self-evaluasie en/of IPW kelder oudit) voorafgaan.

'n Opsomming van die Totale SO₂-vlakke van gebottelde wyne wat finaal goedgekeur is gedurende die twaalf maande voorafgaande die oudit, is beskikbaar vir elke kelder op die webwerf www.ipw.co.za.

- Indien die geweegde gemiddelde van alle wyne as “goed” kwalifiseer, word 5 punte toegeken.
- Indien die geweegde gemiddelde van meer as die helfte van die wyne as “goed” en die res minstens as “gemiddeld” kwalifiseer, word 3 punte toegeken.
- Indien die geweegde gemiddelde van helfte van die wyne minstens as “gemiddeld” kwalifiseer en slegs enkele wyne as “swak” kwalifiseer, word 2 punte toegeken.
- Indien die geweegde gemiddelde van minder as die helfte van die wyne as “gemiddeld” en helfte of meer as “swak” kwalifiseer, word 0 punte toegeken.

Riglyn 7: “Stowwe by wyn gevoeg”

7.1 Stowwe by wyn gevoeg

7.1.1 Produkte wat moontlik GMO's kan bevat

- Indien opgedateerde nie-GMO sertifikate beskikbaar is vir al die toepaslike produkte (bv. giste, ensieme, bakteria, ens.), word 5 punte toegeken.
- Indien opgedateerde nie-GMO sertifikate beskikbaar is vir sommige van die toepaslike produkte, word 2 tot 3 punte toegeken.
- Indien geen opgedateerde nie-GMO sertifikate beskikbaar is nie, word 0 punte toegeken.

7.1.2 Alle ander byvoegmiddels

Gebruik Bylae 5B om alle stowwe wat by wyn gevoeg is, te evalueer. Die punt vir Riglyn 7.1.2 word as volg toegeken:

- Indien alle stowwe gebruik, as “minste” kwalifiseer, word 5 punte toegeken.
- Indien helfte van die stowwe gebruik as “minste” en die res as “minder” kwalifiseer of as alle stowwe as gemiddeld kwalifiseer, word 3 punte toegeken.
- Indien minstens een van die stowwe gebruik as “meeste” kwalifiseer, word 2 punte toegeken.
- Indien meer as een van die stowwe gebruik as “meeste” kwalifiseer, word 0 punte toegeken.

7.1.3 Filtrering van wyn

Gebruik Bylae 5B om filtermateriaal te evalueer. Die punt vir Riglyn 7.1.3 word as volg toegeken:

- Indien alle stowwe gebruik, as “minste” kwalifiseer, word 5 punte toegeken.
- Indien alle wyn slegs deur middel van kruisvloei filtreer word, word 5 punte toegeken.
- Indien helfte van die stowwe as “minste” en die res as “minder” kwalifiseer of as alle stowwe as gemiddeld kwalifiseer, word 3 punte toegeken.
- Indien minstens een van die stowwe as “meeste” kwalifiseer, word 2 punte toegeken.
- Indien meer as een van die stowwe as “meeste” kwalifiseer, word 0 punte toegeken.

7.2 Stoor en rekordhouding van chemikalieë

7.2.1 Chemikalieë store

- Indien voedselgraad en nie-voedselgraad chemikalieë apart gestoor word van ander chemikalieë; EN chemiese store is gesluit en goed geventileer en belig; EN chemikalieë word gestoor op plastiese palette of houtpalette bedek met 'n plastiese laag, word 5 punte toegeken.
- Indien net sommige van die bogenoemde vereistes nagekom word, word 2 tot 3 punte toegeken.
- Indien enige risiko van kontaminasie voorkom, word geen punte toegeken nie.

7.2.2 Naspeurbaarheid

- Indien rekords wat die balans tussen aankoop en gebruik (voorraadkontrolelys) van alle produkte aangedui beskikbaar is EN die voorraad klop met die voorraadkontrolelys EN die lotnommers van alle produkte wat by elke wynlot gevoeg is aangeteken word vir naspeurbaarheidsdoeleindes EN tenkskuiwe gevolg kan word EN elke produk se sertifikaat van analise (COA) beskikbaar is, word 5 punte toegeken.
- Indien rekords wat die balans tussen aankoop en gebruik van alle produkte aandui beskikbaar is OF die lotnommers van alle produkte wat by elke wynlot gevoeg is aangeteken word vir naspeurbaarheidsdoeleindes EN elke produk se sertifikaat van analise (COA) beskikbaar is, word 2 tot 3 punte toegeken.
- Indien onvolledige rekords wat die balans tussen aankoop en gebruik van alle produkte aandui beskikbaar is en onvolledige lotnommers van produkte wat by elke wynlot gevoeg is aangeteken word vir naspeurbaarheidsdoeleindes en nie alle produkte se sertifikaat van analise (COA) beskikbaar is nie, word 2 tot 3 punte toegeken.
- Indien geen van bogenoemde inligting beskikbaar is nie, word 0 punte toegeken.

Riglyn 8: “Verkoeling”

Verkoelingsgasse in verkoelingstelsels word in Bylae 5C geklassifiseer.

- Indien die verkoelingsgas EN afkoelingsmiddel (“coolant”) in jou kelder se verkoelingstelsel in die kategorie “goed” val, word 5 punte toegeken.
- Indien die verkoelingsgas EN/OF afkoelingsmiddel in jou kelder se verkoelingstelsel in die kategorie “gemiddeld” val, word 3 of 2 punte toegeken.
- Indien die verkoelingsgas EN/OF afkoelingsmiddel in jou kelder se verkoelingstelsel in die kategorie “swak” val, word 0 punte toegeken.

Dit is van belang om ten opsigte van die riglyne vir veral die Bestuur van Afvalwater (Riglyn 9) en die Bestuur van Vaste Afval (Riglyn 11) daarop te let dat indien jy as kelder enigszins afwyk van die vereistes wat hier gestel word, word dit ten sterkste aanbeveel dat jy met die Departement van Water en Sanitasie (DWS) asook ander die ander relevante Staatsdepartemente moet skakel om ‘n plan saam met hul uit te werk.

Riglyn 9: “Bestuur van Afvalwater”

Water vir verkoeling en skoonmaak van tenke en ander apparaat moet sover moontlik herwin, gesuiwer en hergebruik word. Onder hierdie Riglyn met sy onderafdelings word die wetlike vereistes uitgespel. As gevolg daarvan is dit nie moontlik om gemiddelde punte te kry nie, omdat jy slegs aan die wetgewing kan voldoen of nie. Indien jou kelder tans nie aan die wetlike vereistes voldoen nie, is dit belangrik om te kan aandui dat ‘n plan van aksie saam met die relevante staatsdepartement/-e uitgewerk is waarvolgens die kelder oor tyd wel aan wetlike bepalings sal voldoen. Alle dokumentasie moet te alle tye by die kelder beskikbaar wees vir audit-doeleindes. Verwys na Bylae 5D.

9.1 Monitering van hoeveelheid afvalwater:

- ‘n Punt van 5 of 0 word volgens die ondergenoemde Bylae toegeken.

9.2 Monitering van afvalwaterkwaliteit:

- ‘n Punt van 5 of 0 word volgens die ondergenoemde Bylae toegeken.

9.3 Opberging van afvalwater:

- ‘n Punt van 5 of 0 word volgens die ondergenoemde Bylae toegeken.

9.4 Wegdoening van afvalwater:

- ‘n Punt van 5 of 0 word volgens die ondergenoemde Bylae toegeken.

Verwys ook na Bylaes 5E, 5F en 5G. Let op dat wetgewing op 'n gereëelde basis gewysig word en hierdie Bylaes kan net as 'n hulpmiddel gebruik word en kan geen wynprodusent vrywaar van enige wetlike verpligtinge gebaseer op wat in hierdie Bylaes aangedui word nie.

Riglyn 10: “Ontsmet- en Reinigingsmiddels”

Hierdie produkte word ingevolge Bylae 5H geëvalueer .

- *Indien al die ontsmet- en reinigingsmiddels wat in die kelder gebruik word in die kategorie “goed” val, word 5 punte toegeken.*
- *Indien meer as die helfte van die produkte wat in die kelder gebruik word in die kategorie “goed” val en die res onder “gemiddeld”, word 3 punte toegeken.*
- *Indien meeste van die produkte wat in die kelder gebruik word in die kategorie “gemiddeld” val en nie meer as 1 produk in die kategorie “swak” val nie, word 2 punte toegeken.*
- *Indien meer as een produk wat in die kelder gebruik word in die kategorie “swak” val, word 0 punte toegeken.*
-

Riglyn 11: “Bestuur van Vaste Afval”

Meeste van die volgende is ook aan streng wetgewing onderhewig waar net 'n punt van “Goed” of “Swak” toegeken kan word. Die kelderbestuurder moet verder seker maak dat indien afval deur 'n diensverskaffer verwyder word, die diensverskaffer ook aan dieselfde wetlike vereistes moet voldoen.

Verwys ook na Bylae 5I en 5J.

11.1 Storting en herwinning

11.1.1 Storting van vaste afval (insluitend huishoudelike afval en verpakkingsmateriaal)

- *'n Punt van 5 of 0 word volgens die genoemde Bylae toegeken.*

11.1.2 Druie-afval, moer en filtreerreste

- *'n Punt van 5 of 0 word volgens die genoemde Bylae toegeken.*

11.1.3 Herwinning van vaste afval

- *Indien dit bewys kan word (met die toepaslike briewe en verwyderingsrekords en afval opsommings) dat alle vaste afval herwin word, word 5 punte toegeken.*
- *Indien dit bewys kan word (met die toepaslike briewe en verwyderingsrekords) dat sommige van die vaste afval herwin word, word 2 - 3 punte toegeken.*
- *Indien geen afval herwin word nie of geen rekords as bewys van herwinning beskikbaar is nie, word 0 punte toegeken.*

11.2 Skoonmaak van afvalwater damme, pype en ander toerusting:

- *'n Punt van 5 of 0 word volgens die genoemde Bylae toegeken.*

Riglyn 12: “Omgewingsgeraas”

- *Indien die kelder in besit is van voldoende bewyse (bv. parsreëls of 'n onafhanklike geraasmetingsverslag) wat bewys dat geraas beperk word vanaf 20h00 tot 7h00, word kan daar moontlik 5 punte toegeken word.*
- *Indien geen rekords/bewyse beskikbaar is nie en die kelder geleë is buite 'n residensiële area, kan moontlik 3 punte toegeken word.*
- *Geen punte word toegeken waar kelders binne 3km vanaf 'n residensiële area geleë is en nie in besit van voldoende rekords nie.*

Riglyn 13: “Verpakkingsmateriaal” (nie van toepassing indien slegs bulkwyn gemaak word nie)

Om 5 punte by Riglyn 13 te gee is byna onmoontlik, want die stowwe wat tans in Suid-Afrika gebruik word, beantwoord nie aan al die vereistes soos uitgestippel nie. Bewyse dat die materiale wat onder hierdie riglyne gebruik word bio-afbreekbaar is of herwin is, is kwalik moontlik. Jou kelder moet verder ingeskakel wees by 'n formele herwinningsprogram of moet bewys kan lewer van herwinning om 'n punt van 5 of selfs 3 toe te ken. **Vir IPW en vir jou kelder se verslag om geloofwaardig te wees, behoort punte vir ons as bedryf wat by hierdie drie riglyne toegeken word, nie hoër as 2 of maksimum 3 wees nie, tensy daar bewyse tot die teendeel is.**

'n Opsomming moet beskikbaar wees wat aandui van watter materiaal en waar sluitings, kapsules, etikette, bottels, kartonne en bottelafskortings vervaardig is. Die opsomming moet ook aandui of dit van herwinde materiaal gemaak is en/of die produkte herwinbaar en/of bio-afbreekbaar is.

- *Indien 'n opsomming beskikbaar is EN alle verpakkingsmateriaal wat in die kelder gebruik word bio-afbreekbaar of herwinbaar is EN plaaslik vervaardig is OF as dit van herwinde materiaal gemaak is, word 5 punte toegeken.*
- *Indien sommige van die verpakkingsmateriaal wat gebruik word bio-afbreekbaar of herwinbaar is OF van herwinde materiaal gemaak is nie OF indien alle materiaal nie plaaslik vervaardig is nie, word 2 tot 3 punte toegeken.*
- *Indien bewyse nie gelewer kan word om te bevestig dat ten minste van die verpakkingsmateriaal bio-afbreekbaar of herwinbaar is OF van herwinbare materiaal gemaak word nie OF plaaslik vervaardig is nie OF geen inligting beskikbaar is nie, word 0 punte toegeken.*

Riglyn 14: “Bottelering” (nie van toepassing indien slegs bulkwyn gemaak word nie, of wanneer geen wyn op die perseel gebottleer word nie m.a.w. alle bottelering by 'n bottelersfasiliteit. Die riglyn sluit ook “disgorgement” in.)

Die volgende prosedures moet in plek wees:

- 'n Glasbreekprosedure vir bottelering en “disgorgement” moet beskikbaar en geïmplementeer wees. Alle gebreekte glas op die bottelerslyn en in palette en kartonne moet gemoniteer word en rekords moet daarvan gehou word. Hierdie rekords moet ook aandui indien daar geen brekasies was nie.
